Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Inrigtingshulpbrononderssteuning
LTSM

Verwysing: 20170504-480
12/2/13/6
Navrae: A Henriques

Omsendbrief: 0018/2017
Vervaldatum: 31 Maart 2018

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en Prinsipale van gewone openbare skole

Kort opsomming: *Aanlynbestelfasiliteit op SOBIS vir skole om graad 1 tot 12 KABV-handboeke te bestel.*

Onderwerp: Aanlynbestelfasiliteit vir graad 1 tot 12 KABV-handboeke

1. Daar word van Wes-Kaapse skole verwag om elke ingeskrewe leerder van 'n handboek vir elke vak te voorsien.

2. Ten einde te verseker dat alle leerders by elke skool handboeke vir elke vak in 2018 het, word prinsipale versoek om:

   2.1 hul verwagte 2018-leerderinskrywings vir elke graad vooruit te skat;
   2.2 die verwagte getal addisionele leerders wat aan die begin van 2018 aansluit, op grond van die afgelope paar jaar se tendense te skat;
   2.3 hul handboeke se jaareinde-retensiesyfer van die afgelope paar jaar in ag te neem.

3. Die inligting in punt 2 hierbo, moet vir die bestelling van ekstra handboeke vir 2018 gebruik word.

4. Skole sal in 2017 tussen 29 Mei en 09 Junie slegs een geleentheid kry om al hul ekstra handboeke te bestel deur die aanlynfasiliteit wat deur die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) beskikbaar gestel word. Dit impliseer dat skole noukeurig te werk moet gaan om hul ekstra handboekbehoeftes vir 2018 te beplan, met inagneming van al die faktore in punt 2 hierbo.

Laer Parlementstraat, Kaapstad, 8001
tel: +27 21 467 2767 faks: +27 21 467 2612
Veilige Skole: 0800 45 46 47

Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za

5. Skole se LOOM norme-en-standaarde (N&S-) -fondse sal gebruik word om vir ekstra handboeke, insluitende handboeke wat weens toenemende leerdergroei benodig word, in Januarie 2018 te betaal.

6. Indien skole nie voldoende N&S-fondse beskikbaar het om vir die aanlynbestelling van al die ekstra handboeke, insluitende handboeke wat weens toenemende leerdergroei benodig word, te betaal nie, moet 'n aansoek om finansiële bystand by die WKOD ingedien word. Die aansoek moet op die aangehegte templaat voltooi word en die rede vir die versoek om finansiële bystand aandui. Hierdie templaat moet deur die prinsipaal onderteken, geskandeer en teen Vrydag, 23 Junie 2017 aan aletta.knipe@westerncape.gov.za ge-e-pos word.

7. Skole word aangemoedig om hul voorbereidings voor die aanlynvasleggingstydperk af te handel en hul ekstra handboekbehoeftes vanaf die dag wat die aanlynstelsel op Maandag, 29 Mei 2017 oop is, vas te lê.

8. Wanneer toegang tot SOBIS verkry word, kies die "Administration" -opsie op die keuselys en kies dan "CAPS textbook top-up" vanaf die aftuimellysie. 'n Subkieslys sal verskyn, wat dan toegang tot die vasleggingskerm en die "How to guide" sal bied. Skole word aangemoedig om, voor die vaslegging van ekstra handboekbestellings, hulself met die inhoud van die "How to guide" vertroud te maak.

9. Verwys asseblief na die verwelkomingsnota en handleiding op SOBIS om vas te stel wie gekontak moet word indien enige probleme met die vaslegging van die ekstra handboekbestellings ondervind word.

10. Sodra die prinsipaal die bestelling aanlyn bevestig en afgeteken het, moet die skool 'n harde kopie van die bestellingsbewys uitdruk, dit nagaan om seker te maak dat die bestelling korrek is en op rekord plaas.

11. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokke personeel.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2017-05-09

Western Cape Government
Education

Annexure A

APPLICATION FOR FINANCIAL ASSISTANCE: TOP-UP TEXTBOOKS FOR 2017

Name of school: _____

EMIS No.: _____

District: _____

State the amount still available for LTSM norms and standards:	**R**

Describe the school's reason for requesting financial assistance:

Name and signature of Principal: _____

Date: _____

The completed and signed form must be scanned and emailed to the following email address by 23 June 2017: Aletta.Knipe@westerncape.gov.za.